

INVLOEDRYK [Week 1]

DIE KERK

Die kerk is nie 'n plek waarheen ons gaan nie. Die kerk is 'n mens-gemeenskap wat saam met Jesus beweeg.

1. DIE VERTREKPOINT: WAT IS DIE KERK?

- Dogma, liturgie, denominasie, gebou, lidmaatskap, verpligting of bysaak?
- Ons behoort soms aan organisasies sonder om te weet waar hulle vandaan kom.
- **Kom ons ontdek die kerk.**

Matteus 16:13–20 (NLV)

- Jesus vra: “Wie sê julle is Ek?”
- Petrus antwoord: “U is die Messias, die Seun van die lewende God.”
- Jesus verklaar: “Op hierdie rots sal Ek my kerk oprig.”

2. MY KERK

Jesus sê: “MY KERK.”

Matteus 16:18

- Die kerk behoort nie aan 'n denominasie nie.
- Die kerk behoort nie aan 'n pastoor nie.
- Die kerk behoort nie aan 'n generasie nie.
- Die kerk behoort nie aan 'n gebou nie.

Die kerk behoort aan Jesus.

As dit Jesus se kerk is, hoe het Jesus gesê moet Sy kerk lyk?

3. DIE KERK IS 'N MENS-GEMEENSAP

1 Korintiërs 12:27 (NLV)

Julle is Christus se liggaam en elkeen van julle is 'n noodsaaklike liggaamsdeel.

Efesiërs 1:22–23 (NLV)

Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in elke opsig met sy teenwoordigheid vul.

1 Petrus 2:9 (NLV)

God het ons as sy volk gekies om vir almal te wys hoe goed Hy is.

Efesiërs 2:19–22 (NLV)

Ons is lede van God se huis. Christus Jesus is self die hoekklip. Deur ons verhouding met Hom word ons saam opgebou tot 'n gebou waarin God deur sy Gees woon.

1 Korintiërs 3:16 (NLV)

Julle almal saam is die tempel van God en die Gees van God woon in julle.

Die tempel is nie meer die eindbestemming nie.

- Ek en jy is Sy adres.
- God woon in Sy mense.

Gebou → Mense

Plek → Sy Teenwoordigheid

Byeenkoms → Sy Liggaam

Instituut → Gemeenskap

Godsdienstigheid → Transformasie

Ons gaan nie kerk toe nie. Ons IS die kerk.

4. DIE KERK IS WAT JESUS DEUR ONS DOEN

1 Petrus 4:8–10 (NLV)

- **Liefde:** Ons moet mekaar onselfsugtig liefhê.
- **Gasvryheid:** Ontvang mekaar sonder om te kla.
- **Genadegawes:** Gebruik dit om mekaar te dien.
- **Genade:** Laat God se ryk en onverdiende goedheid deur ons na ander vloei.

Efesiërs 2:10 (NLV)

Ons is God se handewerk, geskep in Christus Jesus om die goeie werke wat Hy vir ons bestem het, uit te leef.

Ons is nie bloot mense wat in Jesus glo nie. Ons is mense wat deur Jesus verander word en deur Jesus gestuur word.

5. DIE KERK IS 'N BEWEGENDE LIGGAAM

Handelinge 2:42–47

Die eerste kerk:

- Het saam geleer.
- Het saam geleef.
- Het saam gebid.
- Het saam brood gebreek.
- Het met mekaar gedeel.
- Het vir mekaar omgee.
- Het guns by die mense gehad.
- Die Here het mense bygevoeg.

Die kerk se invloed het nie ontstaan omdat hulle 'n beter instelling georganiseer het nie. Dit het ontstaan omdat hulle 'n ander soort gemeenskap geword het.

Die evangelie het lewens verander, mense genees, grense oorgesteek en 'n gemeenskap geskep wat die wêreld rondom hulle beïnvloed het.

As hierdie evangelie waar is, behoort dit tog 'n groter impak op mense se lewens te hê.

Koninkryke en regerings kom en gaan. Tale verander. Geboue word opgerig en afgebreek. Leiers kom en gaan.

Maar die Kerk van Jesus Christus bly bestaan, omdat Jesus bly bestaan.

- Die graf is steeds leeg.
- Jesus is steeds op Sy troon.

6. ONS ONTDEK WEER JESUS SE KERK

Wat het U bedoel met “My Kerk”?

Ons hoef nie ons geskiedenis weg te gooi om vorentoe te beweeg nie.

Ons eer dié wat voor ons geloop het deur dieselfde getrouheid te hê:

- Ons maak die Skrif oop en vra: Wat het God gesê?
- Ons luister.
- Ons gehoorsaam.
- Ons volg Jesus so getrou as wat ons Hom ken.

Jesus Christus is Here.

Sy Woord is ons gesag.

Sy Kerk behoort aan Hom.

Jesus was nog altyd getrou aan Sy Kerk. Ons ontdek net weer hoe om getrou aan Hom te wees.

7. DIE KERK IS DINAMIES

Die kerk is nie bloot ’n groep ordentlike, vriendelike mense wat gereeld bymekaarkom nie.

- Dit is ’n gemeenskap waarin die evangelie werklik lewens verander.
- Dit is nie ’n instelling wat net vir haarself bestaan nie.
- Dit is mense wat deur Jesus verander word sodat Hy deur hulle ander mense kan bereik.

Lyk die kerk wat ons is, soos die Jesus aan wie ons behoort?

8. DIE EVANGELIE MOET OOK MY VERANDER

Invloedryk bring die ongemaklike ontdekking dat daar ’n groot verskil kan wees tussen ’n lewe wat godsdienstig lyk en ’n lewe wat werklik soos Jesus lyk.

Dit konfronteer my met:

- My eie selfsug.
- My behoefte om my sin te kry.
- My beheptheid met ander se opinies.
- Hoe dikwels my eie gevoelens en begeertes my lewe bepaal.

Ek het nie bloot beter gedrag nodig nie. Ek het ’n veranderde hart nodig.

“Verander my hart, of neem my huis toe.”

9. ELKEEN WEN EEN

Getalle moet bly vermeerder. Maar getalle is nie ego nie. Getalle is mense.

Mense is weer hande en voete wat na ander beweeg en vermeerder.

Een mens wat Jesus leer ken.

Een lewe wat herstel word.

Een huwelik wat gered word.

Een kind wat ’n veilige huis kry.

Een verslaafde wat hoop vind.

Een mens wat kos en kleres ontvang.

Een mens wat hoop kry ná depressie.

Een persoon wat leer om weer te gee.

Een tafel wat oopgaan.

Een lewe wat weer 'n ander lewe begin beïnvloed.

Dit is groei.

Wat as elkeen van ons net besluit: Ek gaan een mens help om een tree nader aan Jesus te beweeg?

SAMEVATTING

Ons gaan nie kerk toe nie. Ons is die kerk.

- Ons behoort aan Jesus.
- Ons behoort aan mekaar.
- Ons word deur Jesus verander.
- Jesus stuur ons na die wêreld.

As ons die kerk is — en die kerk behoort aan Jesus — dan moet ons vra: Waarom bestaan ons?

VOLGENDE WEEK | WEEK 2

VIR ANDER

Ons gaan leer om INVLOEDRYK te leef.

ELKEEN WEN EEN — NOOI EEN OM SAAM JOU SY KERK TE ONTDEK.